



Edition 55  
Afrikaans, English

## Book by book

**There are so many different stories out there and so many books. It's not surprising that when we are asked to share books with children, we sometimes feel confused and overwhelmed about what to choose.**

We all – children and adults – become readers one book at a time. It is only by reading on our own and with others that we come to know what to do and which books to choose. There is no correct place to start, only a correct time – now! Page by page, story by story and book by book we gradually learn more about books and reading, and we become more comfortable in our role as a reader and a reading role model for others. Each time we read a book, we learn something – and this learning never stops! There is so much to get to know and experience – from the look and feel of a book, to its themes, characters, style of writing and illustrations.

It helps to ask others which books they enjoyed and to try their recommendations, like you might try on clothes in a shop – some fit and some don't! But, just like growing our own wardrobe of clothes, in time we come to know which stories suit us best. Each of us gathers a collection of best-loved stories. These can be stories from close to home and from far-away places; some are filled with lessons and messages, some tell of hardship and challenges, and others make us laugh and fill us with joy.

Some of us start to gather stories as babies on the lap of a precious adult. Some of us start at school, when we are read to by a teacher or a librarian. These adults are able to pass on the power and delight of reading because they have experienced it for themselves. So, book by book, we develop as readers and we pass on this experience to the next generation, who in turn will pass it on to their children one day.


For more information on reading with your children, visit "Tips and Topics" on [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) or [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi).

"Books are the plane, and the train, and the road. They are the destination, and the journey. They are home."

Anna Quindlen, *How reading changed my life*

"Boeke is die vliegtuig, en die trein, en die pad. Hulle is die bestemming en die reis. Hulle is 'n tuiste."

Vertaal uit: Anna Quindlen, *How reading changed my life*



## Boek vir boek

**Daar is so baie verskillende stories en so baie boeke. Dit is dus nie verbasend nie dat wanneer ons gevra word om boeke met kinders te deel, ons soms verward en oorweldig voel oor wat om te kies.**

Almal van ons – kinders en volwassenes – word lesers deur een boek op 'n slag te lees. Dit is slegs deur op ons eie en saam met ander te lees dat ons leer wat om te doen en watter boeke om te kies. Daar is geen regte plek om te begin nie, net 'n regte tyd – nou! Bladsy vir bladsy, storie vir storie en boek vir boek leer ons geleidelik meer oor boeke en lees, en raak ons gemakliker in ons rol as leser en as leesrolmodel vir ander. Elke keer wanneer ons 'n boek lees, leer ons iets – en hierdie leerproses hou nooit op nie! Daar is soveel om te leer ken en te ervaar – van die voorkoms en gevoel van 'n boek, tot die temas, karakters, skryfstyl en illustrasies.

Dit help om vir ander te vra watter boeke hulle geniet het, en om dan hulle aanbevelings te lees. Dis net soos wanneer jy klere in 'n winkel aanpas om te kyk of jy daarvan hou – sommiges hou jy van en ander nie! Maar net soos wat ons ons klerekaste uitbrei, leer ons mettertyd van watter stories ons die meeste hou.

Elkeen van ons maak 'n versameling geliefkoosde stories bymekaar. Dit kan stories wees wat naby die huis afspeel of stories van verre plekke; sommiges het lesse en boodskappe, sommiges vertel van swaarkry en uitdagings, en ander laat ons lag en vul ons met vreugde.

Sommige van ons begin as babas stories bymekaarmaak, op die skoot van 'n geliefde volwassene. Sommige van ons begin by die skool, wanneer 'n onderwyser of bibliotekaris vir ons voorlees. Hierdie volwassenes kan die krag en vreugde van lees aan ons oordra, want hulle het dit al self ervaar. En daarom ontwikkel ons boek vir boek as lesers, en ons dra hierdie ervaring aan die volgende generasie oor, wat dit op hulle beurt weer eendag aan hulle kinders sal oordra.

Vir meer inligting oor lees saam met jou kinders, besoek "Tips and Topics" by [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) of [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi).



Drive your  
imagination

Read to me. Book by book.  
Lees vir my. Boek vir boek.





Drive your imagination

## Your story

Here is a piece of writing by Sello Phemelo to inspire you in 2014! Sello's poem received the Best Writing award in our Children's Day writing competition last year.

Who can I help?  
Stretch out your hand  
Reach out  
To the people's needs

Open your ears  
Here are inspiring words  
Open your eyes  
And look around

Just ask yourself: what can I do?  
You have hands  
You have eyes  
You have ears  
Expose yourself.

If you love, love more  
If you sing, sing the best  
If you know how to read, read more  
If you have anything good,  
Show it to the world.  
Come out, do not hide  
Expose yourself  
This year.



Sello Phemelo, 11 years, Dynamite Diamonds Reading Club, Limpopo

## Jou storie

Hier is Sello Phemelo se gedig om jou in 2014 te inspireer! Sello se gedig het verlede jaar die toekening vir die beste skryfwerk in ons Kinderdag-kompetisie gewen.

Wie kan ek help?  
Steek uit jou hand  
Reik uit  
Om die mense te help

Maak oop jou ore  
Laat die woorde jou inspireer  
Maak oop jou oë  
En kyk om jou rond

Vra jou af: wat kan ek doen?  
Jy het hande  
Jy het oë  
Jy het ore  
Gee van jouself.

As jy liefde gee, gee meer  
As jy sing, sing uit volle bors  
As jy weet hoe om te lees, lees meer  
As jy enigiets het wat goed is,  
wys dit vir die wêreld.  
Kom uit, moenie wegkruip nie  
Wys jouself  
Hierdie jaar.



Sello Phemelo, 11 jaar, Dynamite Diamonds-leeskklub, Limpopo  
Hierdie gedig is in Engels geskryf en toe in Afrikaans vertaal.

**Do you enjoy writing and drawing? Are you an adult who writes for children? Or, are you a child who enjoys writing poems or stories, or drawing pictures and then writing about them? We'd love to see what you've been doing! If you send us your writing and pictures, you stand a chance of having them published in the Nal'ibali supplement, or on the Nal'ibali website. Remember: it has to be all your own work!**

Send your writing and pictures to: [info@nalibali.co.za](mailto:info@nalibali.co.za) or PRAESA, Suite 17-201, Building 17, Waverley Business Park, Wyecroft Road, Mowbray, 7700.

**Hou jy van skryf en teken? Is jy 'n volwassene wat vir kinders skryf? Of is jy 'n kind wat van gedigte of stories hou, of prente teken en dan daarvoor skryf? Ons wil baie graag sien wat jy doen! As jy vir ons jou skryfwerk en prente stuur, staan jy 'n kans dat ons dit in die Nal'ibali-bylae of op die Nal'ibali-webwerf sal publiseer. Onthou: dit moet alles jou eie werk wees!**

Stuur jou skryfwerk en prente aan: [info@nalibali.co.za](mailto:info@nalibali.co.za) of PRAESA, Suite 17-201, Gebou 17, Waverley-besigheidspark, Wyecroftweg, Mowbray, 7700.




## Nal'ibali on radio!

Enjoy listening to stories in Afrikaans and in English on Nal'ibali's radio show:

X-K FM on Monday to Wednesday from 9.00 a.m. to 9.15 a.m.

SAfm on Monday, Wednesday and Friday from 1.50 p.m. to 2.00 p.m.



## Nal'ibali op die radio!

Geniet dit om in Afrikaans en Engels op Nal'ibali se radioprogram na stories te luister:

X-K FM van Maandag tot Woensdag vanaf 9.00 vm. tot 9.15 vm.

SAfm op Maandag, Woensdag en Vrydag vanaf 1.50 nm. tot 2.00 nm.

### Create your own cut-out-and-keep book

1. Take out pages 3 to 6 of this supplement.
2. Fold it in half along the black dotted line.
3. Fold it in half again.
4. Cut along the red dotted lines.

### Maak jou eie knip-uit-en-bêreboekie

1. Haal bladsye 3 tot 6 van hierdie bylae uit.
2. Vou dit op die swart stippellyn.
3. Vou dit weer in die helfte.
4. Sny dit uit op die rooi stippellyne.



“... en my naam is Liefde,” sê die derde.

“...and I am Love,” said the third.



“My naam is Wysheid,” sê die tweede.

“I am Wisdom,” said the second.



Fold




# The elders at the door Die oudstes voor die deur

## A West African tale 'n Storie uit Wes-Afrika


The elders at the door is one of ten stories specially written and illustrated for the new *Sunday Times Storytime* book which was created for South African children.

The first *Sunday Times* storybook was launched three years ago to allow children to experience the magic of stories, especially in their own languages. The *Sunday Times* has distributed two million copies of the first book in all 11 languages free of charge to schools, libraries and reading clubs across the country.

This book is currently available in English with plans to translate it into other languages in the future.



Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) or [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi)



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org), of [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi)

Maryanne Bester    Shayle Bester



Drive your imagination

Fold



“My naam is Seening,” se die eerste oudste.

“I am Blessing,” said the first elder.



Fold

It was early morning and still dark. In the shadows, three figures slowly, slowly made their way along the road, and down into the village. They stopped outside a house and knocked on the door.

Inside the house, the family was wide awake. The children talked and sang with big voices, while their mother cooked the morning meal. When it was ready, the hungry family sat down to eat. Only then did they hear the knocking.

Dit was vroegoggend en nog donker. In die skadu's stap drie figure baie stadig met die pad langs na die dorp. Hulle gaan staan voor 'n huis en klop aan die deur.

Binne-in die huis is die hele gesin reeds wawyd wakker. Die kinders praat en sing met bulderende stemme terwyl hulle ma die ontbyt voorberei. Toe dit klaar is, gaan sit die honger gesin aan om te eet. Eers toe hoor hulle die geklop.



Fold

Die gesin begin bespreek wie hulle moet kies. Die oudste kind se: “Pappa, dit gaan nie so goed met jou besigheid nie ... daarom dink ek jy moet vir Seening innooi sodat jou besigheid kan groei. Dan sal ons geseen word met baie goeie dinge.”



The family began to discuss whom they should choose. The eldest child said, “Daddy, your business has not been going so well... so I think we should invite Blessing to come inside, so that your business can grow. Then we will be blessed with many good things.”

The mother went to the window and looked out. By now the shadows had lifted, and she could see the figures waiting outside.

"There are three elders out there," she said to the father. "They are dirty and hungry, and need to be taken care of."

"Then you must open the door and invite them in," said her husband.

So the mother went to the door and invited the elders in.

"Ah thank you, kind woman, but we never enter together," said the elders. "You must choose one of us."

The mother went back to the father and told him what the elders had said. "Then we must ask them for their names and choose one of them," said the father.

So the woman went back and asked them for their names.

Die ma stap na die venster en kyk buitentoe. Teen hierdie tyd het die skaduwees al weggetrek en sy sien die drie figure wat buite wag.

"Daar staan drie oudstes hier buite," sê sy vir die pa. "Hulle is honger en vil en moet versorg word."

"Dan moet jy die deur oopmaak en hulle innooi," sê haar man.

Die ma stap dus terug na die voordeur en nooi die oudstes om in te kom.

"Bate dankie, liewe vrou, maar ons kom nooit saam in nie," sê die oudstes. "Jy moet een van ons kies."

Die ma gaan terug na die pa toe en sê vir hom wat die oudstes gesê het.

"Dan moet ons hulle name vra en een van hulle kies," sê die pa.

Toe stap die ma terug en vra vir die oudstes wat hulle name is.

Fold



Sy suster sê: "Nee, nee. Die REDE waarom dit nie goed gaan met die besigheid nie is omdat Pappa wysheid nodig het om dit te laat groei. Ons moet vir Wysheid vra om in te kom, Pappa."



His sister said, "No, no. The REASON your business is not going well is because you need the wisdom to make it grow. We should ask Wisdom to come in, Daddy."

The elders replied, "Ah, now that you have chosen Love, we will all come in, because wherever Love is, there is also both Blessing and Wisdom."

Die oudstes antwoord: "O, noudat julle Liefde gekies het, sal ons almal inkom, want waar daar Liefde is, is daar altyd ook Seëning en Wysheid."





But the baby, who knew few words, with great insistence, said over and over again, "Love. Love. Love."  
 So the family discussed the matter no further. They decided to invite Love into their home.  
 Maar die baba, wat nie baie woorde ken nie, sê weer en weer en weer: "Liefde, liefde, liefde."  
 En toe praat die gesin nie verder daaroor nie. Hulle besluit om Liefde in hulle huis in te nooi.



For the last time then, the mother went to the door. She stood before the elders and said, "We have chosen Love."

Die ma stap vir die laaste keer deur toe. Sy gaan staan voor die oudstes en sê: "Ons kies Liefde."

## Get creative!

In this new regular section in the supplement we give you ideas for storytelling, reading and writing activities that are fun to do with children. In this first one children use pictures from old magazines to tell their own stories!

### You will need:

- old magazines
- ruler and koki/crayon
- scissors

### What to do:

1. Prepare for the activity by finding pages from the old magazines that have interesting pictures on them. Tear out these pages. Then, on the back of each page, draw a square which is about 15 cm x 15 cm.
2. Lay out all your magazine pages so that they are face-down. In other words, you can't see the interesting pictures!
3. Ask your child to help you cut along the lines you have drawn without peeping at the pictures on the other side.
4. Put the cut-out squares face-down in a pile.
5. Let your child turn over the first picture and use it to begin to tell a story.
6. When he or she is ready, let them turn over the next picture and use it to continue the story.
7. The story finishes after the last picture has been turned over.




## Wees kreatief!

In hierdie nuwe afdeling in die bylae gee ons vir jou idees om stories te vertel, en lees- en skryfaktiwiteite wat pret is om saam met kinders te doen. In hierdie eerste een gebruik kinders prente uit ou tydskrifte om hulle eie stories te vertel!

### Jy benodig:

- ou tydskrifte
- liniaal en koki-penne/kryt
- skêr



### Wat om te doen:

1. Berei voor vir die aktiwiteit deur bladsye met interessante prente in ou tydskrifte te vind. Skeur hierdie bladsye uit. Teken dan agter op elke bladsy 'n vierkant van omtrent 15 cm x 15 cm.
2. Lê al jou tydskrifbladsye uit sodat die prente ondertoe wys. Met ander woorde, jy kan nie die interessante prente sien nie!
3. Vra jou kind om jou te help om al langs die lyne wat jy getrek het, uit te knip sonder om te loer na die prentjies aan die ander kant.
4. Plaas die uitgesnyde vierkante met die prente na onder op 'n hopie.
5. Laat jou kind die eerste prent omdraai en dit gebruik om 'n storie te begin vertel.
6. Wanneer hy of sy gereed is, laat hulle die volgende prent omdraai en dit gebruik om voort te gaan met die storie.
7. Die storie eindig wanneer die laaste prent omgedraai is.

### Tips!

- Each person who wants to tell a story will need 10–12 pictures.
- You can make this into a group storytelling activity by doing steps 5 and 6 differently. Let one child begin the story (step 5), but then let another child turn over the next picture and continue the story.
- If you are doing this activity at a reading club and do not have enough scissors for each child, do steps 1 to 3 before the reading club session starts.
- Remember, this activity is not about describing what's in the pictures. It's about being creative and telling interesting stories!

### Wenke!

- Elkeen wat 'n storie wil vertel, het 10–12 prente nodig.
- Jy kan hierdie aktiwiteit ook in groepe doen deur stappe 5 en 6 effens anders te doen. Laat een kind die storie begin vertel (stap 5), maar laat 'n ander kind die volgende prent omdraai en voortgaan met die storie.
- As jy hierdie aktiwiteit by 'n leesklub doen en nie genoeg skêre vir elke kind het nie, doen dan self stappe 1 tot 3 voor die leesklubsessie begin.
- Onthou, in hierdie aktiwiteit moet hulle nie beskryf waaroor die prent gaan nie. Dit gaan daarvoor om kreatief te wees en interessante stories te vertel!

## Collect the Nal'ibali characters

Cut out and keep all your favourite Nal'ibali characters and then use them to create your own pictures, posters, stories or anything else you can think of!

### About Noodle

**Age:** 3 years old


**Lives with:** Bella and her mom

**Favourite snack:** dog biscuits

**Favourite drink:** water

**Favourite places to visit:** places where he can run around and dig holes

**Books he likes:** books with animal noises in them, especially dogs that bark



## Versamel die Nal'ibali-karakters

Sny al jou gunsteling- Nal'ibali-karakters uit en gebruik hulle om jou eie prente, plakkate, stories of enigiets anders waaraan jy kan dink, te maak!

### Oor Noodle

**Ouderdom:** 3 jaar oud

**Woon by:** Bella en haar ma

**Gunstelinghappie:** hondebekuitjies

**Gunstelingdrankie:** water

**Gunstelingplekke om te besoek:** plekke waar hy kan rondhardloop en gate kan grawe

**Boeke waarvan hy hou:** boeke met dieregeluide, veral honde wat blaf

### Here's an idea...

Cut out and colour in the picture of Noodle and then paste it on a large sheet of paper. Then do one or more of the following things.

- Draw a thought bubble and then draw a picture inside it to show what Noodle is thinking about.
- Draw a picture of Bella sitting next to Noodle and reading to him.

Or, keep the picture in a safe place and when you have collected all the Nal'ibali characters, use them to create your own Nal'ibali poster!

### Hier's 'n idee ...

Knip die prent van Noodle uit, kleur dit in en plak dit dan op 'n groot vel papier. Doen dan een of meer van die volgende dinge.

- Teken 'n dinkborrel bo Noodle se kop. Teken dan 'n prentjie binne-in om te wys waaroor Noodle dink.
- Teken 'n prent van Bella wat langs Noodle sit en vir hom lees.

Of, bêre die prent op 'n veilige plek, en wanneer jy al die Nal'ibali-karakters versamel het, kan jy hulle gebruik om jou eie Nal'ibali-plakkaat te maak!

## Story corner

Here is the second part of the story about Hans who has lots of not-so-wise ideas! Enjoy reading or retelling it.

### Wise Hans

(Part 2)

Retold by Jay Heale

Illustrations by Meg Jordi

As Hans walked up the hill towards his home village, a flash of sparks made him look to the side of the road. A knife-grinder was sharpening knives on his grindstone.

"You seem very happy," called Hans.

"I am happy," answered the knife-grinder. "Every knife I grind puts money in my pocket. All you need is a good grindstone and everything else is easy." Then he looked at Hans rather carefully. "Tell you what," he said, "I'll exchange my grindstone for your goose. The grindstone's a little bit worn, but your goose isn't brand new either."

"That is very generous of you," said Hans. "My, what a day I am having!"

It had been a long day and Hans felt very tired and hot. He stopped at the well for a drink of water. He put the grindstone down carefully and started to wind up the bucket full of water. But the bucket swung and knocked the grindstone off the low wall. It fell into the well with a great splash!

"This is the best thing that has happened so far!" said Hans. "I don't have to carry that heavy thing one more step. My mother will be glad when I tell her what I have done!"

And he walked on up the road without a care in the world.

Tell us if you liked the story, *Wise Hans* – SMS "Bookmark" with your name and your comments to 32545. R1,00 per SMS.

CAMBRIDGE

From *Three clever thinkers* by Jay Heale © 2009  
Vertaal uit *Three clever thinkers* deur Jay Heale © 2009

### In your next *Nal'ibali* supplement:

- How to start a reading club
- Our readers' letters and messages
- A special Valentine's Day activity
- A cut-out-and-keep book, *Bear's haircut*
- A zigzag book, *Spots*

Bookmarks, posters, activity sheets... Download your free resources from the *Nal'ibali* "Resource Section" at [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org)



Find us on Facebook:  
[www.facebook.com/nalibaliSA](http://www.facebook.com/nalibaliSA)  
Vind ons op Facebook:  
[www.facebook.com/nalibaliSA](http://www.facebook.com/nalibaliSA)

## Storiehoekie

Hier volg die tweede deel van die storie oor Hans wie se idees nie altyd baie slim was nie! Geniet dit om dit te lees of oor te vertel.

### Slim Hans

(Deel 2)

Oorvertel deur Jay Heale

Illustrasies deur Meg Jordi

Terwyl Hans teen die heuwel opstap na die dorpie waar hy woon, trek 'n vlag vonke langs die pad sy aandag. 'n Messlyper is besig om messe op 'n slypsteen te slyp.

"Jy lyk baie gelukkig," roep Hans.

"Ek is gelukkig," antwoord die messlyper. "Elke mes wat ek slyp, sit geld in my sak. Al wat jy nodig het, is 'n goeie slypsteen en dan is die res maklik." Toe kyk hy na Hans en sê taamlik versigtig: "Ek sê jou wat, ek sal my slypsteen vir jou gans ruil. Die slypsteen is al 'n bietjie verweer, maar jou gans is ook nie meer te jonk nie."

"Dis baie gaaf van jou," sê Hans. "Goeiste, wat 'n wonderlike dag is dit nie!"

Dit was 'n lang dag en Hans voel baie moeg en warm. Hy stop by die put vir 'n slukkie water. Hy sit die slypsteen versigtig neer en begin die emmer water opkatrol. Maar die emmer swaai wild en stamp die slypsteen van die lae muurtjie af. Dit val met 'n groot plons binne-in die put!

"Dis die beste ding wat nog gebeur het!" sê Hans. "Ek hoef daardie swaar ding nie 'n tree verder te dra nie. My ma sal bly wees wanneer ek haar vertel wat ek gedoen het!"

En so stap Hans sonder sorg in die straat af huis toe.

Vertel vir ons of jy van die storie, *Slim Hans* gehou het – SMS "Bookmark" met jou naam en kommentaar na 32545. R1,00 per SMS.



### In jou volgende *Nal'ibali*-bylae:

- Hoe om 'n leesklub te begin
- Briewe en boodskappe van ons lesers
- 'n Spesiale aktiwiteit vir Valentynsdag
- 'n Knip-uit-en-bêreboekie, *Beer se haarsny*
- 'n Sigsagboek, *Kolle*

Boekmerke, plakkate, aktiwiteitsblaaie ... Laai jou gratis hulpbronne af by *Nal'ibali* se "Resource Section" by [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org)

